

4 SEPTEMBER

Skriflesing: 2 Timoteus 1:3-18

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:3-9

Genade van 'n verbondshuis

Wat 'n genade is dit nie om in 'n verbondshuis op te groei nie? Ook Paulus getuig van hierdie genade wanneer hy met Timoteus praat oor sy ma en ouma. Paulus sê as't ware vir Timoteus dat die verbondshuis waarin jy opgegroe het maak dit vir jou onmoontlik om nie uit dankbaarheid God te wil gehoorsaam nie. Jy het bykans nie 'n keuse nie – Jy wil dit doen!

Timoteus ervaar ook die seëning van God se verbondsliefde soos die Here self dit noem in Eksodus 20:6 "...maar Ek betoon my liefde tot in die duisendste geslag van dié wat my liefhet en my geboorte gehoorsaam".

Die volk Israel het nie erns gemaak met die Here se verbond nie en hulle opdrag om Hom lief te hê en te gehoorsaam nie, sodat hulle dit as vanselfsprekend aanvaar het dat hulle deel het aan God se verbond.

Hierdie selfde neiging van Israel leef steeds vandag nog in mense se harte. Daarom herinner Paulus Timoteus daaraan dat dit genade is wat in Jesus Christus geskenk is – 'n genadegawe wat Timoteus soos 'n vuur weer moet aanblaas. Reeds lank voor Timoteus se geboorte, was hy reeds deel van God se genadeplan – was God al besig met Timoteus, met Paulus - ook met ons vandag... Daarom kan en wil ons ook nie anders as om God te dank vir ons eie verbondsoopvoeding nie. Deur die krag van die Heilige Gees blaas ons steeds vandag hierdie vuur aan sodat dit sal brand sonder om ooit geblus te word.

Ds Pieter Nel (Witbank)